

BEKOORLIKE KLOSKANT

In die vorige uitgawe van *ROOI ROSE* het die eerste les van 'n reeks van ses oor die maak van kloskant verskyn.

Leer nou verder hoe om dié fyn kuns te bemeester
Diagram 1 het in die vorige uitgawe by les 1 verskyn en word weer gebruik by les 2




Foto 1




Foto 2



Foto 3




Foto 5




Foto 4



Foto 6

deur LIZETTE JONKER

ROOI ROSE se kloskantreeks is deur mevv. Ine Meereboer en Marie Potgieter saamgestel en laat toets. Navrae moet aan hulle gerig word by die volgende adresse: Mev. Ine Meereboer, Dovestraat 33, Horisonpark, Roodepoort, 1724, tel. (011) 763-3175, of Mev. Marie Potgieter, Kilburnstraat 105, Horison, Roodepoort, 1724, tel. (011) 760-1429. Hulle bied ook kloskantlesse aan.

KLOSKANT TERME

Kruis (cross) – linkerklossie oor regterklossie.

Draai (twist) – regterklossie oor linkerklossie.

Linnesteek (whole stitch) – kruis; draai; kruis.

Dubbele halwe steek (whole stitch, twist) – kruis; draai; kruis; draai.

Halwe steek (half stitch) – kruis; draai.

Torchon: 1e grondsteek (ground stitch) – kruis; draai; speld; kruis; draai. **2e grondsteek** (ground stitch) – kruis; draai; speld; kruis; draai; DRAAI.

LES 2 (DIAGRAM 1)

Plak die patroon op 'n stukkie dun karton en plaas dit bo in die middel van die kussing.

Stap 1

Hang 8 pare klossies, met wit gare opgedraai, om spelde A tot H van die patroon. (Gebruik 75 cm wit gare vir elke passiewe paar klossies en 4 m rooi gare vir die weefpaar.) Hang die weefpaar (rooi) ook om speld A (heel links) (foto 1).

Dubbele halwe steek Stap 2

Nommer die weefpaar (rooi, heel links) en die 1e wit paar net langsaan van 1 tot 4 en maak die dubbele halwe steek met hulle soos volg (dit begin met die linnesteek van die vorige les):

a) 2 oor 3 (foto 2)

b) 2 oor 1 en 4 oor 3 (met albei hande gelyktydig) (foto 3)

c) 2 oor 3 (foto 4) en 'n nuwe beweging:

d) 2 oor 1 en 4 oor 3 ('n herhaling van b)

Dié vier bewegings vorm die dubbele halwe steek.

Stap 3

Skuif nou die wit paar waarmee klaar gewerk is na heel links op die kussing en bring die volgende wit paar net regs van die weefpaar nader. Die weefpaar en die volgende wit paar word nou weer van 1 tot 4 genommer (foto 5). Werk weer die dubbele halwe steek en lê die wit paar waarmee jy klaar gewerk het na links langs die ander wit paar. Hou so aan tot aan die einde van die ry tot by punt 1.

Stap 4

Draai die rooi paar 2 keer (regterklossie oor linkerklossie). Hou die rooi paar in die regterhand vas en plaas 'n kopspeld op punt 1 onder die rooi paar (foto 6). Terwyl jy die rooi paar nog vashou in jou regterhand, trek die

NA.BLADSY 108



Foto 7



Foto 8



Foto 9




Foto 10



Foto 11



Foto 12




Foto 13



Foto 14



Foto 15




Foto 16




Foto 17




Foto 18

Foto 16 VAN BLADSY 104 passiewe pare klossie vir klossie op die kussing styf. Soms is dit nodig om die klossies se spanning 'n tweede keer reg te kry deur dit te trek. Doen dit na elke ry. (Foto 7).

Stap 5

Werk nou van punt 1 tot punt 2 soos volg (let daarop dat die beweging nie omgedraai word wanneer jy terugweef nie en dat 'n mens altyd, van die 4 klossies waarmee jy werk, met die tweede klossie van links af begin):

- 2 oor 3
- 2 oor 1 en 4 oor 3 (albei hande gelyktydig)
- 2 oor 3
- 2 oor 1 en 4 oor 3 (albei hande gelyktydig)

Stap 6

Lê nou die wit paar na regs op die kussing en bring die volgende wit paar net links van die weefpaar (rooi) nader. Werk nou weer die dubbele halwe steek met die weefpaar en die volgende wit paar. Hou so aan tot by punt 2.

Stap 7

Draai die weefpaar (rooi) 2 keer (regs oor links). Hou die weefpaar in jou linkerhand en steek die kopspeld onder die weefpaar op punt 2 in. Steek die kopspeld in sodat dit skuins na agter en na links leun. Terwyl jy die weefpaar in jou linkerhand vashou, trek die passiewe pare se spanning een vir een reg.

Stap 8

Weef nou die weefpaar (rooi) na punt 3 en hou so aan tot by punt 32 op die oefenpatroon.

Halwe steek Stap 9

Net na die kopspeld op punt 32 ingesteek is, word die halwe steek op die oefenbandjie begin. Net een klossie van die rooi weefpaar word gebruik om die halwe steek te werk; die ander klossie bly agter en sal later skuins na onder geweef word. As die pare op die kussing nie reeds gedraai is nie, draai elke paar 1 keer (regs oor links).

Stap 10

Die weefpaar (rooi) is nou heel links

(foto 8). Nommer weer eens die weefpaar (rooi) en die wit paar net regs daarvan 1 tot 4 en werk soos volg met dié klossies:

- 2 oor 3 (foto 9)
- 2 oor 1 en 4 oor 3 (albei hande gelyktydig) (foto 10)

Stap 11

Lê die linkerpaar na links op die kussing. Bring die volgende paar aan die regterkant nader (foto 11) en werk weer die halwe steek soos volg (let daarop dat die passiewe drade net 1 keer gedraai is en nie 2 of 3 keer nie):

- 2 oor 3 (foto 12)
- 2 oor 1 en 4 oor 3 (foto 13)

Hou so aan tot by punt 33.

Stap 12

Draai die weefpaar net 1 keer aangesien die klossie reeds 1 keer gedraai is (regs oor links). Steek 'n kopspeld op punt 33 in onder die paar klossies in jou regterhand (foto 14). Terwyl jy steeds dié paar klossies vashou, trek die span-

NA BLADSY 111

ning van die ander pare klossie vir klossie reg.

Let op dat al die pare vir die halwe steek net 1 keer gedraai is (regs oor links).

Stap 13

Met die 1e 4 klossies aan die regterkant by punt 33, werk die halwe steek terug na punt 34, sonder om die beweging om te draai, soos volg:

a) 2 oor 3

b) 2 oor 1 en 4 oor 3 (met albei hande gelyktydig)

Stap 14

Lê nou die regterkantste paar heel regs op die kussing. Bring die volgende paar net links daarvan nader en werk die halwe steek tot by punt 34. Hou so aan tot aan die einde van die oefenbandjie.

Stap 15

Knoop die pare 2 keer en sny die klossies af (nie te kort nie). Haal nou die kopspele versigtig uit.

ROSIEPATROON (DIAGRAM 2)

Plak die patroon op 'n stukkie dun karton van 10 x 10 cm en plaas dit in die middel van die kussing.

Steek: Linnesteek

a) kruis (2 oor 3)

b) draai (2 oor 1 en 4 oor 3)

c) kruis (2 oor 3)


Klossies: 2 paar met rooi draad – 2 x 1,3 m (65 cm per klossie),

3 paar met wit draad – 3 x 1,3 m (65 cm per klossie),

1 weefpaar met wit draad – 1 x 3 m (1½ m per klossie).

Materiaal: nr. 20-hekelgare en 1 hekel-

DIAGRAM 2



naald.

Stap 1

Steek 5 kopspele op lyn AB in. Hang die pare soos volg om die kopspele: 1 paar rooi, 1 paar wit, 1 paar wit, 1 paar wit, 1 paar rooi. Hang die weefpaar ook om die heel linkerantste kopspele.

Stap 2

Werk die linnesteek; kruis; draai; kruis; deur 4 pare. Haal die kopspele waarom die rooi draad was uit.

Stap 3

Draai die weefpaar 2 keer en sit die kopspele terug in dieselfde punt onder die weefpaar.

Stap 4

Volg die werkllyn op die patroon van kant tot kant. Draai die weefpaar 2 keer regs oor links en steek die kopspele in onder die weefpaar op die kante. Draai die kussing namate die patroon vorder, sodat die werk altyd voor jou lê. Trek die draad gedurig reg op die kussing sodat die spanning reg bly. Halfpad deur die patroon sal die kopspele aan die begin van die patroon in die pad wees – druk die kopspele heeltemal in die kussing in en gooi die deklap daaroor. Werk tot by die opstelkopspele (op lyn AB) en eindig met die weefpaar aan die linkerkant.

Stap 5

Heg soos volg af: die weefpaar lê heel links. Begin by die heel regterkantste rooi paar by B. Haal die opstelkopspele van die rooi paar uit. Neem 'n hekelnaald en haak een van die draade van die rooi paar waaraan die klossies is deur dié lus. Steek die ander klossie van die rooi paar heeltemal deur dié lus. Trek die paar klossies reg en steek die kopspele weer by die opstelpunt in. Werk al die pare soos die eerste paar af, tot by die laaste rooi paar. Haak die lus deur die laaste rooi lus van die opstelkopspele. Steek die rooirdraad-klossie en ook die 2 klossies van die weefpaar deur die lus. Sit die kopspele terug in die opstelpunt en trek die draad se spanning reg. Knoop elke paar 2 keer. Laat sowat 15 cm draad en knip klossies af. Haal al die kopspele uit en werk die los draad met 'n naald weg. ●




Foto 19




Foto 20




Foto 21




Foto 22

DIE VOLMAAKTE OPLOSSING

Kieme is 'n eeu-eue probleem – selfs in die modernste huishouding. Hulle skuil in al daardie sensitiewe areas, soos toilette, vullisblikke en afvoerpepe. Sanpic dood huishoudelike kieme en die aangename geur van suurlemoen, denne en laventel, laat jou huis skoon en vars ruik.



Die volmaakte ontsmetmiddel vir die moderne huis.